


WATERLOO
SOLAR



KWARTAAL 2 2022 NUUSBRIEF

VERSORGINGSPROJEK VIR BEJAARDES EN LIGGAAMLIK GESTREMDES

As deel van ons Hearts and Minds-projekte het ons bejaarde en liggaamlik gestremde lede van die Colridge-gemeenskap ondersteun deur komberse, sokkies en serpe in die koue winterseisoen te verskaf.

In samewerking met die Adrian Losper-sopkombuis het ons behoeftiges geïdentifiseer en die huise van huisgebonde lede van die gemeenskap besoek om aan hulle hierdie noodsaaklikhede vir die winter te verskaf.

"Ons is dankbaar teenoor Waterloo Solar dat hulle ons help om na ons bejaardes en gestremdes om te sien. Die warm komberse, sokkies en serpe sal help om hulle hierdie winter warm te hou." - **Maggie Losper van die Adrian Losper-sopkombuis.**



GRADUERING VAN KOHORT 1-KMMO'S BY DIE WATERLOO-SPILPUNT

'n Kohort van KMMO's wat deel uitmaak van ons ondernemingsontwikkelings- en opleidingsprogram het op 9 Junie 2022 gegraduateer ter erkenning van hulle vordering en verbintenis tot die program.

Die geleentheid het plaasgevind by die Waterloo Inkubasiespilpunt, wat vroeër hierdie jaar bekend gestel is. Die hoofspreeker vir die dag, mnr. Paul Makobo, PEO-bestuurder van die Naledi Plaaslike Munisipaliteit, het die volgende te sê gehad: "ons waardeer die bydrae wat Waterloo Solar tot ons gemeenskap maak deur hierdie ruimte as 'n inkubasiespilpunt vir KMMO's, maar ook as 'n hulpbronsentrum vir die groter gemeenskap te verskaf. Ons gebruik ook hierdie geleentheid om die KMMO's geluk te wens wat vandag graduateer. Dit sal meer KMMO's aanmoedig om deel te neem, wat daartoe sal bydra om ons plaaslike ekonomie te verbeter."

Die spilpunt is by De Kokstraat 45 geleë en is van 08:00 tot 16:00 oop. Vir meer inligting, kontak die spilpuntbestuurder, Charles, by **071 386 0065**.



waterloosolar.co.za

info@waterloosolar.co.za



Like ons Facebook blad | RenewEnergyCo

VKO-PROGRAM

Dertien VKO-sentrums in die Naledi-gemeenskap is gekies om deel te neem aan 'n pasgestigte vroeëkindere-ontwikkelingsprogram (VKO-program) wat daarop gemik is om kinders se toegang tot gehalte-VKO-onderlig dienste te fasiliteer en bevorder.

Hierdie program van 12 maande, wat deur die Early Care-stigting en die Lunchbox-fonds geïmplementeer word, sal aan deelnemers geakkrediteerde opleiding verskaf en verseker dat praktisyns die vaardighede het om hulle klaskamers te verbeter en voedingsteun aan kinders te verskaf, wat 'n impak op hulle holistiese ontwikkeling en groei het.

Hierdie inisiatief maak deel uit van Waterloo Solar se vroeëkindere-ontwikkelingsprogram.



LEESPROGRAM



Sewe jongmense uit gemeenskappe in die Naledi Plaaslike Munisipaliteit is gekies om aan 'n leesprogram deel te neem wat in die derde kwartaal van hierdie jaar by skole bekend gestel sal word.


Die program, wat deur die READ Opvoedkundige Trust geïmplementeer word, se doel is om die gaping te verminder wat leerders veral as gevolg van covid-19 op skool ervaar. Laerskoolleerders in graad 4 sal ook by hierdie program baat.

Die skole wat by die program baat, sluit die Moeti Primêre Skool, Colinda Primêre Skool en die Retlaadira Primêre Skool in.

Dit maak deel uit van ons verbintenis om onderwys te ondersteun, wat as 'n sleutelkomponent van ons sosio-ekonomiese ontwikkelingsprogram geprioritiseer word.

KWARTAALLIKSE BESTEDING (K2 2022)

- Ondernemingsontwikkeling
- Onderwys
- Welsyn



KONTAK ONS

 WaterlooSolarCommunity
45 De Cock Street, Kanana, 794 Mebane Str

Kantoorure
09h00-17h00 Maandae tot Vrydae

Gemeenskap Skakelbeampste
Claire Phutieagae
066 255 5815
claire.phutieagae@eimsafrica.com

BLY VEILIG
#CoronaVirus

www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

Suid-Afrikaanse Hulpbronportaal:
www.sacoronavirus.co.za